

WEES SEKER. DECA-SURE SEKER

**Deca-Sure**



# EEN INSPUITING MAG 10 BESKERMING



## BESKERM TEEN

- ROOIDERM<sup>1</sup>
- BLOEDNIER<sup>1</sup>
- BLOEDPENS<sup>1</sup>
- KLEM-IN-DIE-KAAK<sup>1</sup>
- SPONSSIEKTE<sup>2</sup>
- NEKROTIESE ENTERITIS<sup>1</sup>
- KWAADAARDIGE EDEEM<sup>1</sup>
- AANSTEEKLIKE NEKROTIESE HEPATITIS<sup>1</sup>
- SKIELIKE STERFTE SINDROOM<sup>3</sup>
- BASILLÈRE HEMOGLOBINURIE<sup>1</sup>



250 Ml - 50 DOSISSE  
100 Ml - 20 DOSISSE



250 Ml - 83 DOSISSE  
100 Ml - 33 DOSISSE

Reg. Nr. G4280 Wet 38/1947 NSO V19/24.4.2/1443 Wet 13/2003

Beskikbaar in:  
**100 Ml & 250 Ml**

1. Zragoza, N.E., Orellana, C.A., Moonen, G.A., Moutafis, G., Marcellin, E., 2019. Review: Vaccine production to protect animals against pathogenic Clostridia. *Toxins*, 11(525):1-29. doi:10.3390/toxins11090525

2. Nimmanapalli, R., Gupta, V., 2020. Vaccine the tugboat for prevention-based animal production. *Genomics and Biotechnology Advances in Veterinary, Poultry, and Fisheries*. Elsevier, 469-405. doi:10.1016/b978-0-12-816352-8.00020-5

3. Watt B., 2015. Clostridium sordelli, a traditional emerging pathogen. State veterinary diagnostic laboratory, Menangle. <http://www.flockandherd.net.au/sheep/reader/clostridium-sordelli.html> (accessed 1 Dec 2022)

**SLEGS VIR DIEREGBRUIK**

**ENTSTOF VIR BEESTE EN SKAPE**

**BEWARINGSINSTRUKSIES**

Bewaar tussen 2 °C tot 8 °C. Moenie vries nie.  
Beskerm teen lig.

**DOSEERVORM**

Inspuitbare entstof

**SAMESTELLING**

Bevat gesulwerde en gekonsentreerde toksioïede van *Clostridium perfringens* Tipe A (enterotoksemie, rooierd), *Clostridium perfringens* Tipe B (bloedpens), *Clostridium perfringens* Tipe C (nekrotiese enteritis), *Clostridium perfringens* Tipe D (enterotoksemie / bloednier), *Clostridium septicum* (kwaadaardige oedeem), *Clostridium novyi* Tipe B (aansteeklike nekrotiese hepatitis), *Clostridium tetani* (klein-die-kaak), *Clostridium sordelli* (skielike sterfte sindroom / hemorrhagiese enteritis), *Clostridium chauvoei* (sponslekte) en *Clostridium novyi* Tipe D (*Clostridium haemolyticum*) (basillêre hemoglobinurie).

**INDIKASIES**

Gekombineerde 10 in 1 Klostridiale Entstof. Vir die aktiewe immunisering van beeste en skape.

**METODE VAN WERKING**

- Immunitet ontwikkel na beraming 20 - 28 dae na die eerste inenting. Inenting moet herhaal word in nuwe diere, 28 - 30 dae na die eerste inenting. Die beraamde duur van immunitet na die laaste inenting is een jaar en beraamde duur van immunitet 28 - 30 dae na inenting is een jaar.

**WAARSKUWINGS**

- Moenie diere binne 21 dae na inenting vir menslike gebruik slag nie.
- Slegs gesonde beeste en skape moet ingeënt word.
- Soos met alle entstowwe mag hipersensitiwiteitsreaksies per geleentheid voorkom. In sulke gevalle moet gepaste behandeling, soos adrenalin en / of antihistamien, sonder versuim toegedien word.
- Soos vir alle entstowwe, kan absolute immunitet nie in alle diere gewaarborg word nie. Dit is raadsaam om 'n veearts rakende bykomende beheermaatreëls te raadpleeg in plaas daarvan om slegs op die inenting staat te maak.
- 'n Tydelike swelsel mag voorkom op die plek waar die entstof toegedien is, en sommige diere mag 'n matige styging in liggaamstemperatuur vir een of twee dae toon.
- Dragtige vroulike diere moet in die laaste trimester ingeënt word om passiewe immunitet in die nageslag te verseker.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word,

raadpleeg die veearts en verwittig die registrasiehouer.

**VOORSORGMATREËLS**

- Diere wat ingeënt gaan word moet gesond wees. Vermyn stres met vervoer en laat die diere toe om die dag na inenting te rus.
- Gedeeltelik gebruikte houers met oorblywende entstof moet weggedoen word aan die einde van elke dag se werksaamhede, aangesien dit onder veldtoestande moeilik mag wees om onopsetlike kontaminasie van die entstof te vermy.
- Gebruik slegs steriele naalde en behoorlik gesteriliseerde apparaat vir inenting. Ten einde toepaslike higiëne te handhaaf, is dit raadsaam om die naalde so dikwels as moontlik met skoon steriele naalde te vervang.
- Moenie hierdie entstof met enige ander veterinaire medisinale produk vermeng nie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**

Gebruik slegs soos aangedui. Skud goed voor gebruik. Die aanbevole roete van toediening is deur onderhuidse inspuiting.

**DOSIS**

Beeste: 5 ml  
Skape: 3 ml

**DOSISAANBEVELINGS**

Beeste: Onderhuidse inspuiting aan die voorkant van die nek.  
Skape: Onderhuidse inspuiting. In die oksel area, waar die wol kort is, of aan die binnekant van die dy. Moet NIE in die nekarea inspuit nie. Raadpleeg asseblief u veearts vir 'n volledige inentingsprogram.

**ALGEMENE AANBEVELINGS**

Beeste: Kalwers behoort teen die ouderdom van 4 - 6 maande ingeënt te word, met 'n verdere inenting na 28 - 30 dae (skraagdosie). Daarna moet inenting jaarliks geskied.  
Skape: Skape behoort teen die ouderdom van 4 maande ingeënt te word, met 'n verdere inenting na 28 - 30 dae (skraagdosie). Daarna moet inenting jaarliks geskied.

- Diere wat voor die ouderdom van 3 - 4 maande ingeënt is, behoort met speen of teen die ouderdom van 4 - 6 maande heringeënt te word.
- Diere wat nog nie voorheen ingeënt is nie, moet twee inentings met 'n tussenpose van 28 - 30 dae ontvang (primêre inenting en skraagdosie).
- Diere behoort jaarliks voor tye van uitermatige risiko of na lam-/kalftyd heringeënt te word.
- In areas met 'n hoë voorkoms van basillêre hemoglobinurie (*Clostridium novyi* Tipe D) behoort diere elke 6 maande 'n versterkingsdosie te ontvang.
- Immunitet ontwikkel binne 3 - 4 weke na inenting en behoort vir ongeveer 1 jaar te hou, met uitsondering van *Clostridium novyi*.

**AANBIEDING**

100 ml & 250 ml.